

## Die dier uit die see draai teen die sedelose vrou

### Openbaring 17:8-18

25 Oktober 2020

1. Sedelose vrou (Babilon) verlei konings en bewoners van die aarde deur afgodery en fokus op koop en verkoop. Sy boots die Nuwe Jerusalem na. Sy werk saam met die dier uit die see.
2. Verduideliking oor die dier uit die see (verse 8-14):
  - a. Dier is “een wat was, nie nou is nie, en tog sal wees” (vers 8)
    - i. Op 1:4 – nabootsing van beskrywing van God
    - ii. Op 1:17-18 – nabootsing van die Lam
    - iii. Op 13:3 – dier was dodelik gewond aan een kop, maar herstel
  - b. Gaan uit onderaardse diepte kom (vers 8)
    - i. Op 11:7 – dier kom uit onderaardse diepte om twee getuies dood te maak – dus einde van die tyd
  - c. Hier is verstand en wysheid nodig! (vers 9a)
  - d. Sewe koppe van die dier (verse 9b-11)
    - i. Sewe berge = Rome; sewe konings = keisers - ????
    - ii. Sewe koppe = sewe koninkryke = Egipte, Babel, Assirië, Mediërs en Perse, Grieke, Romeine, toekomstige ryk - ??
    - iii. Berge = koninkryke (Jer 51:25), sewe = volledigheid
    - iv. Wêrelgeskiedenis = volledige getal koninkryke, reeds in sesde van sewe – dus ver gevorderd, net nog een toekomstige koninkryk
    - v. Dier = agste, behoort by die sewe (OAV)
      - Behoort dui op verwantskap
      - Opeenvolgende getalle dui op illustratiewe, onvolledige lys (Spr 6:16, 30:15,18,21,29)
  - e. Tien horings (vers 12-14)
    - i. 10 horings = 10 konings in sewende kopkoninkryk, kort regeringstyd
    - ii. Werk saam met die dier teen die Lam en uitverkorenes
    - iii. Lam sal oorwin – Hy is Heerser van die heersers en Koning van die konings
3. Oordeel oor die sedelose vrou (verse 15-18)
  - a. 10 konings en die dier draai teen die sedelose vrou!
    - i. Eseg 23:25-29 – soortgelyke straf as wat Babel Jerusalem mee getref het
    - ii. Sesde bak – bose geeste uit diere bring konings deur droë Eufraat bymekaar by Armageddon
    - iii. Koninkryk van satan in opstand teen homself (vgl Mark 3:23-26)
  - b. God laat dit gebeur om Sy bedoeling te bereik (Vgl Op 10:7)
4. Toepassing
  - a. God se soewereiniteit werk konstruktief om Sy verborge bedoeling met alles te bereik